



UITGAWE 1 Desember 2009 PRYS: R10.00

**Contact details Kontakbesonderhede**

Posbus / P.O.Box 23, Nieu-Bethesda, 6286

E-pos / e-mail: pink.porcupine@vodamail.co.za

Tel: 049 8411 644

**EKSTRA EREDIENSTE in NG KERK BETHESDA:**

Kerssangdiens: 6 Desember om 19h00

Erediens: 16 Desember (Tyd sal bekendgemaak word)

Kersdiens: 25 Desember (Tyd sal bekendgemaak word)

*Kapaaislander –*

***“What’s in a name?”***

Hanna van Heerden

*“What’s in a name? That which we call a rose  
By any other name would smell as sweet.”*

Hierdie koerant se naam kon *enigiets* wees, maar dit sou niks verander het aan die geesdrif, die entoesiasme en die ywer waarmee ‘n paar (soms meer as ‘n paar), mense naam gesoek het en inhoud bymekaar gemaak het vir hierdie eerste uitgawe nie.

Name is rondgegooi, neergeskryf en soms oor gedink/gedrink (oor ‘n bottel rooiwijn, of twee, of ....!) – daar was idees van voëlname, dierename, alles wat “uil” en/of “owl” bevat het, windpompe, en selfs ‘n paar onnoembares.

“Kapaaisland” is egter gevoel is so eie aan Nieu-Bethesda soos Helen Martins, Athol Fugard en Die Sportklub. Waar die benaming die eerste keer gehoor is en hoekom, word nog baie oor gedink en gestry. Daar word egter beweer dat ‘n sekere onderwyser

.../p.3



## **BELASTINGBETALERSVEREENIGING – GAAN GEVEG VOORTDUUR?**

Charles Graham

Soos almal reeds weet het die vereniging die munisipaliteit (tydelik) in hulle spore gestuit met die toepassing van die verhoogde eiendomsbelasting. Die prokureurs was uitstekend en vir diegene wat daar was, was dit soos 'n TV hofdrama, met Derek Light wat met goeie, gegronde argumente en uitgesoekte woorde die munisipale verteenwoordigers op hul stoele laat rondkriewel het. Die vergadering was op 'n Vrydagmiddag. By die klub sê iemand Saterdagdaand daai twee stoele is nog steeds warm!

Die nuutste inligting tot ons beskikking is dat die raad op 20 November telefonies met die prokureurs in aanraking was en aan Nieu-Bethesda se belastingbetalers die volgende "aanbod" gemaak het:

60% afslag op die nuwe belasting vir die huidige jaar

40% afslag volgende jaar

Dit is gladnie so goed soos dit mag klink nie. Die kernprobleme, naamlik die foutiewe en gebrekkige waardasies en die onrealistiese belastingkoers vir Bethesda word gladnie aangespreek nie. Bethesda het steeds nie die dienste wat Graaff-Reinet het nie (wil dit ook nie alles hê nie) maar die belastingkoers is dieselfde aantal sent in die rand!

Die prokureurs het intussen verdere inligting aangevra rakende die waardasie van o.a. plaaseiendom en die saak van die tennisklub se kwytstelling is ook nie in die munisipaliteit se mededeling aangespreek nie.

Volgens raadslid Arthur Knott-Craig sal die waardeerder wat die waardasies gedoen het eersdaags in Graaff-Reinet wees om die besware wat ingedien is af te handel.

Belastingbetalers word intussen steeds aangeraai om geen eiendomsbelasting te betaal nie; betaal slegs vir water en vullisverwydering.

Wanneer die erfbelasting kwessie uiteindelik opgelos word sal nuwe rekenings aan almal uitgereik word en die bedrae wat daarop verskyn sal dan betaal moet word. Die munisipaliteit het onderneem dat geen rente op die erfbelasting gehef sal word nie, tot tyd en wyl nuwe bedrae vasgestel is en gewysigde rekenings uitgereik is nie.

Die vereniging het voldoende fondse ingesamel om die regskoste (tot op datum) ten volle te betaal en bedank almal wat bydraes gemaak het. Diegene wat nog nie bygedra het nie kan dit steeds doen. Bankbesonderhede kan by die komitee lede verkry word.

Niemand weet wat die onderhandelings uiteindelik gaan oplewer nie, maar die komitee sal lede van alle verwikkelings op hoogte hou.

'n Algemene vergadering van lede moet in Desember gehou word, wanneer verdere terugvoer gegee sal word. Kennis van die datum, tyd en plek sal eersdaags aan lede gegee word. Besluite kan dan geneem word oor die pad vorentoe met die belastingkwessie, asook enige ander kwessies van belang wat deur lede geopper mag word.

## **Charmaine Haines Ceramic Pieces**

The work of Charmaine Haines is sought after. Recent exhibitions have been very successful. Collaborating with Martin, her husband, she also created an architectural feature in the form of a two storey light fitting featuring a school of fish.



## **The Owl Shed now open**

Charles Williamson

Over 2500 owls have come home – Owls from every corner of the planet. They have arrived in the valley – on the Owl Route, in the Owl Town, and close to the Owl House – in Nieu-Bethesda.

There are owls of all shapes and sizes. Pretty owls, ugly owls, big owls, small owls, serious owls, funny owls, stone owls, silver owls, glass owls, golden owls, wheat owls, wooden owls, shell owls, leather owls, ivory owls, bone owls...

And ... not forgetting – concrete owls.

One day, the owners, Charles and Leoni Williamson, intend to put up owl boxes on the river bank next to the gallery and hope to attract real owls to come home to nest and rest, feed and breed, God sparing.

This collection of owls, the biggest in the world, is certainly worth a visit!

In Graaff-Reinet in die vroeër jare, na die Nieu Bethesda kinders, effe neerhalend verwys het as afkomstig uit “Kapaais”. En glo dit of nie – die HAT (Handwoordeboek van die Afrikaanse taal – vir die wat nie weet nie) verwys na “Kapaailand” as ‘n “ou naam vir Griekwaland-Wes of ‘n spotwoord vir Oos-Kaapland of ‘n gedeelte daarvan”. Die woord “pais” beteken ook volgens die HAT “vrede, volkome rustigheid of algehele ooreenstemming”. Alles heel gepas!

Furthermore another explanation of where the name for Griqualand West came from: *During 1832 Ncapayi, an outcast of the isiXhosa speaking AmaBhaca tribe, and his followers roamed through the present Mount Fletcher, Maclear and Elliot districts and stayed up to 1853 at several places in the area. The part where they lived then became known as Kapaailand. Afrikaans and English speaking whites could not pronounce the click sound of the “c” in his name and changed it to Kapaai.*

*The word Ncapayi is derived from the AmaBhaca dialect of isiXhosa phrase “ukuthi Chapha”, meaning “the first rays of the rising sun”. He was born at that time of the day and named as such by his grandmother, who was the midwife.*

Ander mense beweer weer dat die locals se woord vir krummelpap, “pais”, verwys na die sneeu of ‘krummelpap’ wat in die winter wit op Bethesda se berge lê, en dat die woord moontlik daarvan afkomstig is.

Nog ‘n interessante brokkie: ‘n Spaanse koerant/pamflet spog ook met ‘n soortgelyke naam: *El País*. **El País** (English: *The Country*) is the most widely-circulated pamphlet in Spain. According to the 2005 *Estudio General de Medios* (General Media Study), it has about 2.1 million readers.

*El País* is often referred to as a *newspaper of record* from Spain, along with its fellow Madrid morning dailies *El Mundo* and *ABC*.

“Kapaai” het seker maar “Kapaais” geword en spotwoord of nie – hier is dit nou vandag –



Nieu Bethesda se eie (volgende) koerant: “Die Kapaaislander”. Jy kan self kies wat die naam vir jou beteken: “vrede, rustigheid”, “die eerste strale van die son”, “die wit van die berge op ‘n wintersoggend” of “die platteland”, maar maak nie saak wát die naam is nie, die inhoud is local en lekker!!

#### NO STREET LIGHTS FOR BETHESDA!

Tutti Graham

Those who are familiar with Nieu-Bethesda are not surprised at the strong reaction of village residents against the proposal by Graaff-Reinet Municipality to install street lights.

A spokesman for the Ratepayers Association, Charles Graham stated that the village residents were all in agreement that such a move would be met with ‘the strongest possible opposition’. He said that Bethesda was a tourist attraction because of the untarred roads, the old houses and the spectacular night skies, and that lighting it up at night would compromise the atmosphere of the village, which would cause the tourist trade to diminish and the economy of the village to suffer.

In a strong worded e-mail, Mr John Robinson, owner of Paradys, stated that if the streets were lit up and the roads were tarred, his properties would be on the market promptly.

Heidi Kuhne Boekkooi stated that she and her husband loved to take moonlight walks. She said: “The stars and the moon are so bright and street lights would kill that.”

Bethesda gets a fair amount of photography tourism, a lot of that focused on night photography because of the spectacular night skies..


Municipal supervisor Phillip Olifant said that if residents refused to have street lights, it would not be forced on them.



“It’s going to rain,” says the Queen of the Night.

## Van die Redaksie

Tutti Graham



Die idee van 'n koerantjie het gou by my begin spook. Die eerste wat genoem het dat Bethesda 'n koerantjie nodig het, was Idil. Dit was duidelik dat Bethesda 'n gemis gevoel het aan 'n nuusbrieff van een of ander aard. Ek het soveel jare lank by skole die koerant en jaarblad uitgegee, ek het gedink ek kon maar netsowel hier ook daarmee voortgaan. Dit was **Peet van Heerden** wat uiteindelik vuur in die projek ingeblaas het, en saam het ons weggespring met groot entoesiasme.

Die 'Kapaaislander' is een Saterdagagaand by die Tennis-klub gebore toe 'n klomp van ons om die 'A'tafel (soos Boetie dit noem.) begin gedagtes rondgooi het oor die naam en die tipe berigte wat geplaas behoort te word. Daar en dan het mense onderneem om vir spesifieke gereelde artikels verantwoordelik te wees. Hulle woord was so goed soos hul daad.

To all the people who contributed, thank you so much. You are the ones who make the newspaper possible. Thank you **Bronwen** for the Logo. Thank you **David** for the excellent cartoons.

**If you are an interesting and colourful person, beware of the stroke of our cartoonist's pen. If, on the other hand, you are one of the little grey men, relax.**

Dankie vir al die uitstekende artikels uit alle oorde. Sommige artikels sal dalk moet oorstaan tot volgende keer. Hierdie eerste proeflopie sal vir ons wys hoe ons in die toekoms kan verbeter.

Kapaaisland se kapsiemakers moet maar hulle stemme dik maak. Ons luister, en ons kyk wat ons kan doen. Ek moes alreeds op 'n paar waarskuwings ag geslaan het, maar was 'n bietjie stadig uit die blokke uit. Daar is helpers wat sou bykom, wat dit miskien op 'n latere stadium sal doen. Met ons eerste uitgawe gebruik ons 'n nuwe program, onbekend aan my, Dit is dus ook 'n leerkurwe.

We are still in our baby shoes.

May you all be blessed during the Festive season. May 2010 bring health, wealth and happiness.

Mag die Liefde van Christus julle omring waar julle ook al gaan in hierdie Kersfeestyd en mag 2010 gesondheid, vrede en vreugde bring.



## Soos die mense dit oorgelewer het :

**Stirling Pienaar**

Oupa Alf kon baie staaltjies vertel oor die mense van Bethesda. So het hy vertel van die vrederegter, Oom Pietjie Pienaar, wat Piet Martins (Helen se pa) op 'n keer moes verhoor oor een of ander oortreding wat hy begaan het.

Piet Martins was 'n korrelkop, en hy het eenvoudig verseg om voor die regter te verskyn. Hulle moes hom toe vasbind en op 'n kruiswa hof toe stoot.

Piet Martins was woedend en het in sy Bybel 'n aantekening gemaak: "Jy moet jou naaste liefhe, behalwe Pietjie Pienaar."

Toe my oupa Barend Jacobus Pienaar burgemeester was rondom 1890 was Jan Pienaar, beter bekend as Jan Patties, en Hartzenberg albei raadslede. Hulle was gedurig aan die rusie maak.

Op 'n keer kla Jan Patties: "Meneer die voorsitter, Hartzenberg het my nou weer hel toe gestuur."

Toe sê Oupa Barend: "Jy hoef nie te gaan nie."

Jan Patties stoot op 'n ander keer sy fiets vinnig in die straat af.

"Hoekom ry jy nie?" vra iemand. "Ek is te haastig!"

# THE BAT BARN MUSIC EVENING

Tutti Graham

On the 9<sup>th</sup> of November at dusk, about 50 people packed the Bat Barn to listen to Jonathan Handley and his friends from Sweden, Tucker's Lilla Kapell. ('Lilla Kapell' roughly translated means little orchestra.)

It was a wonderful experience to listen to such an accomplished group of musicians playing and singing their hearts out!

They played Irish Pub Music, mostly. On the electric guitar, lead singer Lasse Forsberg was a livewire and die audience just loved him.

Herbie Parkin played the bass guitar; the quiet, shy Lennart Ostblom proved to be a master on the violin and mandolin; and Björn Hammarberg played the drums.

Marjanna took to the floor dancing after the first song – she could sit still no longer. Soon others joined her. A small space in the centre of the room became the dance floor. Donovan joined her, then Anemieke and Huldah joined in and soon there were many dancers. During the interval Donovan made boerewors dogs for everyone. Then the music started again.

Jonathan sang his own hit song from '79, when he and Herbie were part of the Radio Rats.

It was a magic evening. One of those once-in-a-lifetime experiences never to be forgotten. Bethesda residents day: "Thank you Jonathan and thank you Tucker's Lilla Kapell!"



## ATHOL FUGARD REAGEER OP EERSTE FUGARDFEES IN SUID-AFRIKA

Reinet le Roux

Athol Fugard het soos volg gereageer uit Amerika na aanleiding van die verslag wat hy van sy suster gekry het. "Sheila, Lisa and I are almost speechless with pleasure. Yes, indeed, Idil deserves a standing ovation."

Glenda Swart, Athol Fugard's sister and the patron of the Nieu Bethesda Arts Association read out the following message from Athol Fugard at the opening ceremony of the Festival:

***Dear friends, let me start by saying how deeply grateful I am to Idil and all her helpers in organizing this occasion. It is truly a celebration of the whole community which owes its now world-wide recognition to the patron saint of all our arts.... Without 'The Road to Mecca' I doubt whether I would be the playwright I am today. But my debt goes further than that and embraces the whole community and specially the people of Pienarsig.***

Marlene Zwiegers was een van die gewilde kunstenaars wat 'n bydrae gemaak het tot die fees. Hier volg die laaste gedeelte van haar reaksie op die fees:

***Wou net sê  
Dit was 'n besondere fees  
Geen dronkmense  
Wat slingerend in die pad  
af stap  
Banale musiek  
wat blêr in jou ore  
Dis eg  
Dis fontein***



## Voed-Saam

In 2002 Marjanna de Jong moved from the Netherlands to Nieu Bethesda and started an educational vegetable garden in the grounds of the primary school. Now she works as a volunteer with the school children twice a week during school time and once a week after school.

The aim of the project is to contribute to the physical and mental development of the school children. The garden also contains a separate part with crops and fruit for the school meals.

The annual cycle and experience of seeding-growing-gardening-harvesting contributes to a greater awareness of the children's own possibilities and of the challenges they face. There is also the hope that they will long remember the basics and fun of cultivating their own vegetable patch.

Email: marjanna@lantic.co.za

## IN MEMORIAM

### Stirling Graham Low Retief.

'n Groot gees in kerk, gemeenskap en sport. Agt-en-vyftig jaar gestaan agter die toonbank van die 'Trading Store' en 'n uitmuntende diens gelewer aan die gemeenskap. Ons gaan jou mis Oom Stitch! Tannie Rien, Francois, Petra, Gerda, Izak en familie, ons bid julle baie sterkte toe!



### Klasie Karel Vywers.

Jarelange skoolhoof by die Lettie de Klerk Laerskool. Diep spore getrap in die opvoeding van Pienarsig se kinders. Ons bid Bettie en gesin sterkte toe.



# A CAN OF WORDS

## WHAT'S IN A NAME?

Dear Editor

The great Bard once wrote "What's in a name? That which we call a rose / By any other name would smell as sweet". Not to distract in any way from our fantastic roses this season, or the well-deserved euphoria surrounding the launch of Bethesda's new rag, I must raise some issue regarding the name ..**Kapaaislander**.

In a valley where we are identified by our starry heavens, camel yards, poplars, roses, willows, red romans, windmills, dammetjies, donkey carts, bowlers, dirt roads, sheep, owls, lamb chops, Compassberg....etc, the name "Kapaaislander" feels about as familiar as "The Reykjavik Chronicles".

I am certain that there will be a detailed and intelligent motivation for where the name comes from, but that will only prove that it **needs** to be explained. Dear editor, it makes no suggestion as to the character of the village and its people, and it gives only a small hint as to the content of your newspaper. It has not escaped my notice that the title contains the word "slander" cleverly hidden for the astute to see.

May I suggest that the learned editor launch a suggestions column, or even a competition where the winner gets to use the new tar road first for a whole week..

Give us a name that sings off the tongue, that requires no question, that is colourful, lyrical, full of nuance, succinct, inspired, deeply powerful and yet simultaneously poetic and, above all make it simple.

To answer Shakespeare's question; "What's in a name?" I would say, so far, not much!

I know that this letter may very well trigger off a wave of third force activities and so, madam editor, I am going to sign it anonymously.

Yours truly

Dan Brown

Geagte redakteur,

## Eenvoudig en nie so grend.....

Vandat ek 'n baie klein seuntjie was, het ek grootgeword met die naam Kapaais. Die naam is 'n koestering, vir my 'n troetelnaam, Dit lê vir my lekker glad op my tong. Eenvoudig en nie so grênd soos Nieu-Bethesda nie.

Ek kan nou nog my pa, Boet, hoor praat van Kapaais. Dit is 'n naam wat die ou garde die

dorpie genoem het, 'n liefdevolle noemnaam vir 'n plek waarvoor ons ontsetend lief is. Ek is 'n trotse Kapaaislander. Laat die 'new ones' maar praat van Nieu-Bethesda, vir my sal dit altyd Kapaais wees.

Ek dink 'Kapaaislander' is die perfekte naam vir ons koerant!

**Peet van Heerden**

## BOTTOMS UP IVO

Dear editor,

Some years ago some members of the community raised their concerns regarding the seemingly illogical proposal to build the sewerage treatment works in its current location. That argument was made to no avail, as the powers that be, seem to have a different pattern of arriving at a conclusion, than the norm.

Be that as it may, during the heated debate regarding the sanitary and health implications of treating raw sewerage in open air dams within a stones throw of Bethesda's water supply, the esteemed engineer for the entire project, Mr. Ivo Huissman made the community a promise: He stated that the quality of water in the third and final dam would be such that he was willing to drink a glass of said water from that dam.

Dear Editor, I am just writing to say that whenever Mr Huissman is ready, I have a glass.

Yours truly  
Mr E. Coli



## Zonnenstrahl Yvonne du Plessis

“Zonnenstrahl” – die huis met die sonstrale wat daarop val...

Die huis lê daar “oorkant”, deur die Gatsrivier in Pienaarstraat en daar het, sover ek weet (en ek het hier en daar gevra maar so baie mense is nou al dood wat waarskynlik die hele storie beter geken het...), het daar nog altyd Pienaars in daardie huis gebly. Dit wil voorkom asof Barend Jacobus Pienaar, my ma Nora se pa (aldus “Oupa Barend”) en later ‘n burgermeester van die dorp, die huis gebou het vir hom en sy gesin, of te wel gesinne. Want hy het vier vrouens gehad !

Hy en sy beeldskone eerste vrou het in Zonnenstrahl gebly (ek vergeet nou haar naam, so as iemand dalk onthou, laat maar van julle hoor) en hulle het net een seun gehad en hy was later in die familie bekend as Boetie Bennie, ‘n predikant wat op Noupoot die spoorwegwerkers bedien het. Boetie Bennie se ma is oorlede en Oupa Barend het met sy tweede vrou getrou, die jonge Fransiena Phillipina Retief van die plaas Rietpoort, in die Nieu-Bethesda kontrei. Vandaar die jarelange noue verbintenis tussen die Pienaar en Retief families.

Oupa Barend en sy Fransiena het ook in Zonnenstrahl gewoon. Na 8 kinders waarvan een op 4 oorlede is, is die jonge Fransiena op 32 jaar oorlede en Oupa Barend is met 6 kinders en ‘n pasgebore baba agtergelaat. My ma was toe net twee jaar oud. Oupa Barend het die baba vir ‘n kinderlose paar met die van, Grebe gegee. Die baba se naam was Franciska en haar bynaam was “Toekie”. Gelukkig het sy deel van die Pienaar-familie gebly. Sy het later met Willie Dreyer van die plaas Middelburg in die Agter-Paarl getrou. En later het haar broer Alph weer met Emmie Dreyer, Willie se suster getrou! Dus was hulle dubbele familie.

Toe trou Oupa Barend met die 42-jarige oujongvrou, Charlotte Pienaar van Beaufort-Wes en hulle woon toe ook in Zonnenstrahl. Sy was ‘n onderwyseres en my ma sê sy was ‘n ware engel en ‘n wonderlike stiefma vir hulle 6 kinders. Ek het vandag nog in my badkamer ‘n lae stoeltjie waarop sy altyd sou gesit het voor die kaggelvuur in Zonnenstrahl terwyl sy handwerk gedoen het. Ma Lottie het hulle haar genoem en sy het ook ‘n seun gehad en sy naam was Samuel Rutherford Pienaar – kortliks, Samie. Hy het later ‘n mediese dokter geword.



En op 36 jaar tragies selfmoord gepleeg. Oupa Barend het ook vir Charlotte oorleef en is later weer op ‘n hoë ouderdom getroud. Sy vierde vrou. Hy is op rype ouderdom van 94 jaar (of is dit 96?) oorlede in 1950. Op daardie stadium het hy op De Toren by sy seun Arnold Pienaar en sy vrou, Isa gebly. Sy was ook ‘n engel.

Toe gaan woon Oupa Barend se seun, Alph Pienaar in Zonnenstrahl. Dit is toe dat ek Zonnenstrahl leer ken het. Die huis was maar altyd op die een of ander wyse deel van my lewe. My ma het my vertel van hulle kinderjare daar en die lekker vrugteboom in die tuin, net oorkant die straat. Daar staan vandag nog ‘n vyeboom in die tuin. En as my ma Nora (van Niekerk) in die vyftigerjare van Ganora af gekom het om my Vrydae na skool op Nieu-Bethesda te kom haal (want ek het weekliks by Tant Lettie Kritzinger, haar suster die skooljuffrou gebly), dan het ons altyd ‘n draai by Zonnenstrahl gaan maak. Om te gaan tee drink. Daar by oom Alph (haar broer) en Tante Emmie, sy tweede rooikopvrou (rooi in haar jeug, maar later spierwit grys).

Zonnenstrahl huis sit reg op die straat en kyk oos – na die son se kant toe. Vandaar die naam. As die son soggens sy kop oor Ganora se berg gesteek het, dan het die sontrale direk op die voorstoep geval.

Die lang klipstoep met die gekurfdde verandah. Viktoriaans in voorkoms met “broekie lace” en wit traliewerk.

## Bethesda se dinge — Peet van Heerden

Volgens Boet, my pa was daar drie tragedies in 1956. Hy is getroud, die grootdam het gebreek op Doornberg en Peet is gebore, het hy tong in die kies gesê.

Ongeluksloot se naam is bevestig toe Neil Sheard se Fargo bakkie meegesleur is. Hy oorleef, net-net maar verloor die maand se lone in die vloedwaters.

Piet Pienaar is in 1956 as vrederegter aangestel. Hy verhoor kleinsake in die hof agter in die polisiestasie. Hy kon ligte vonnisse uitdele soos 'n pond of wat se boete vir dronkenskap, water mors, raas in die strate ens. Op 'n tyd word Piet Maartins, Helen se pa, gedagvaar om voor hom te verskyn. Martins weier en word met 'n kruiswa aangery. Piet Martins is so boos dat hy in sy Bybel aanteken in Mat. 22 se kantlyn dat almal sy naaste is behalwe Piet Pienaar.

Toe Gustav Pienaar gebore is, was sy Pa Tafie al meer as tagtig jaar oud. Daar is nog hoop vir ons mans nè.

Toe ek een jaar oud was het ek saam met my ma, Freda, Graaff-Reinet toe gery. Die bakkie se brieke het "gefail" toe ons Rubidgekloof af kom en ek en ma is van die pad af, gelukkig was dit net die laaste draai voor 'n mens vir Wellwood sien. Ma wat maar nog 'n baie jong onervare moeder was, was erg ge'rattle' tot die vermaak van my Pa, Boet.

Tafie was die orrelpomper vir 'n wyle. Op 'n keer na 'n baie swaar Saterdagand het hy tydens die baie lang preek aan die slaap geraak in die kerk. Toe die orreliste, Tante Katie, die noot druk om die orrel te laat speel was daar net 'n wrangklank soos 'n siek donkie en toe stilte. Tante Katie, wat baie groot was het toe met haar groot liggaam om die orrel gesukkel en die hele gemeente het gehoor hoe sy toe vir Tafie roep: "Tafie, Tafie" en kort daarna hoe Tafie met hygende asem die orrel pomp. Die gemeente het so gelag dat hulle nie 'n noot kon sing nie.

Toe Boetie Lehman nog 'n klein knapie was het hy en sy suster, Grace, saam met sy

ouers Jubilee en Grace by Oupa Freddie Lehman gekuier. Oom Freddie was maar 'n korrelkop as hy dag so gevoel het. Die kinders het hom gepla in die smidswinkel. Hy vra toe vir Boetie om daardie klein stukkie yster aan te gee. Die tweejarige Boetie het nie geweet dat die ystertjie warm was nie. Boetie brand sy hand en is huilend terug na sy ma toe. Oom Freddie is salig weer alleen in die smidswinkel.

Oom Freddie het allerhande geboue en konstruksies gebou om en in Nieu Bethesda. Hy het ook die hangbrue gebou. Hy het sy linkerarm verloor toe hy 'n vinger nie versorg het nie en die wond omgesit het in gangrene.

Hy het 'n ramstal gedurende 1968 op Doornberg gebou. Oom Freddie het al die planke vasgeslaan met spykers. Hoe slaan 'n man met een arm spykers vas? Maklik - jy kry 'n werker om die spykers vas te hou. (Eina!)

Oom Freddie was een van die transportryers wat die materiaal vir die bou van die kerk aangery het.

By die tweede motorhek, buite Bethesda op pad Doornberg toe was die hek vir jare nooit toe nie. Boet van Heerden se Fargo bakkie het ook nie 'n 'bulbar' gehad nie. Een oggend stop Boet voor Bethesda Trading Co. met sy bakkie. Die hek het eensklaps in 'n 'bulbar' verander, want iemand het die hek toegemaak en Boet het 'n bietjie vinnig met die afdraende tje af Bethesda toe gekom!

**(Aardjie na sy vaartjie? Red.)**



## WARD COMMITTEE REPORT BACK

Margueritte Afonso

Nieu Bethesda has for a number of years had a few issues with its local municipality. The village forms part of the Camdeboo Municipality that encompasses a substantial area that includes Adendorp, the Horseshoe in Graaff-Reinet metropole, Nieu Bethesda and the surrounding farms within a 30km radius. Thus Ward Two has a very wide and diverse society that it services and as a result, our councillor, Mr A Knott-Craig is kept very busy attending to all our needs. In August 2009, 10 Ward Committee Members were elected by residents of the communities in which they reside in order to assist in the management of issues related to the various areas. The Ward Committee Members for Nieu Bethesda are Mr. Kevin Watermeyer, Ms Dora Oliphant and Mrs Margie Afonso. The WCMs consulted with the Community Development Worker, Ms Maureen Tromp-Smit and various individuals and representative community committees in order to establish the needs and problems within the village. These issues were then taken to the Ward Committee meetings in Graaff-Reinet and presented to the Ward Councillor who in turn followed up these issues with the relevant municipal and provincial officials. This has resulted in the following:

The road to Graaff-Reinet will be fully tarred during

2010 at a cost of R18,3 million. The alternative routes will be used during the period of construction which is predicted to be to the end of May 2010. These routes will be graded and maintained in good order .

- Nieu Bethesda residents have been granted a cut of 60% on their rates due to the work done by the Ratepayers Association. Well done all involved in the process.

- Revaluations of households in the village is still pending and the Camdeboo Municipality is applying pressure for resolution on this matter.

- Sanitation - The funding for the Second Phase of the sewage system will accommodate the connection of 28 homes. The remaining 161 connections will only be effected once funds have been secured as well as the water source.

- Clinic - Camdeboo Municipality Health Services has been unable to service 11 clinics in the district due to staffing problems. In the new year municipal health services are being handed over to the Eastern Cape Provincial Health Services and as soon as this is achieved we can expect to have a full-time nursing sister in the village again.

- Water feasibility studies will be undertaken in the near future so that the water in the valley is not compromised in the future.

- Housing - The Land purchased for the new housing has been finalised. Water feasibility studies will be undertaken in the near future so that the water in the valley is not compromised in the future.

- Should you wish to communicate any further issues please do not hesitate in contacting any of the abovementioned persons who will endeavour to assist as much as possible.

## SPIRITUAL CORNER

Lisa Watermeyer

The movie **Fireproof** looks at a marriage in shreds and how restoration is achieved through God's intervention. It is an honest account and challenges every married couple to assess their marriage and to seek change. The book **Love Dare** is from the movie and is a work book daring anyone wanting positive change in their marriage.

### An extract from the book :

Unconditional love is eagerly promised at weddings.

The Love Dare is a 40-day challenge for husbands and wives to understand and practice unconditional love. Whether your marriage is hanging by a thread or healthy and strong, The Love Dare is a journey you need to take. It's time to learn the keys to finding intimacy and developing a dynamic marriage.

**'Love bears all things, believes all things, hopes all things, endures all things. Love never fails.'** - 1 Corinthians 13:7-8.



### GIVE US ONE DAY **AND** GET 250 MILLION

Experience true Karoo hospitality on  
**GANORA**— a sheep farm  
just 7km from **Nieu Bethesda**

Guided tours on the farm to:

- \*Anglo Boer War engravings
- \*Bushman Paintings and Engravings
- \*Woolshed

\*A private Fossil and Artefact Museum

\*Fossil Walk with sunset drinks

\*Enjoy a walk to learn more about the medicinal  
plants on the farm

Tours need to be booked in advance.

**Comfortable three star accommodation which  
is AA highly recommended.**

**Contact: Hester Steynberg**

E-mail [info@ganora.co.za](mailto:info@ganora.co.za)

Tel: +27 049 841 1302

Cell: 082 698 0029

## The Village Inn

Restaurant and Tea Garden

Meals and Snacks,

Gifts, Info

Accommodation

Haines Ceramic Gallery

Secondhand books

Paintings

&

Other Gifts

Open 8 a.m. to 3 p.m.

Evenings for dinner when  
previously arranged



## 'Klein Geluk' Guest House

*This quaint old Karoo Cottage, built pre-1877  
in the 'Brakdak' tradition nestles at the foot of  
the mountain in picturesque Nieu Bethesda.*

*Sleeps 4, cotton sheets, pet friendly,  
self-catering.*

*Hierdie unieke Karoo kothuis, gebou voor  
1877 in die 'Brakdak' tradisie, op die wesbank  
van die Gatsrivier in Nieu-Bethesda lê aan die  
voet van die berg.*

*Tot 4 mense, troeteldiere welkom,  
Katoenlakens.*



Huldah van Wyk—082 330 3751  
/ 049 8411 638



## Sneeuberg Chalets

### Nieu Bethesda

Spoil yourself in comfort and style on  
the edge of the village with magnifi-  
cent views of the Compassberg.  
Chalets offer comfortable accommo-  
dation for singles, doubles and fami-  
lies.

Phone Geoff Langmead on  
049 841 1785

Or

078 197 5707

to secure a booking

# CUMLAUDE BREINPROFIELE

Alleeneienaar : Dr Yvonne du Plessis  
[BA SOD Stell D Ed UPE (NMMU)]

## BREINVOORKEURE

Elke mens ontwikkel vanaf geboorte 'n spesifieke kombinasie van Breinvoorkeure. Dit sluit 'n persoon se sterkpunte en swakpunte in en verduidelik die verskille tussen mense – bv. hoekom mense optree op sekere wyses, hoekom nie almal van dieselfde dinge hou nie en hoekom sekere mense uitblink met sekere aktiwiteite en ander mense weer presteer in ander.

## BREINPROFIEL

Daarom is dit belangrik dat 'n persoon se Breinvoorkeure met behulp van 'n Breinprofiel geïdentifiseer sal word, sodat daardie persoon dit daagliks kan uitleef deur bv. aktiwiteite, stokperdjies, sport, vakke, kursusse en beroepe.

## IS ENIGE HIERVAN OP JOU VAN TOEPASSING ?

### Gr 7-12 Leerders :

- ✦ Daar is vakke op skool wat jy nie geniet nie.
  - ✦ Jy vaar swak en druipe van jou toetse en eksamens.
  - ✦ Jy het min selfvertroue en is ongelukkig op skool.
  - ✦ Jy is onseker oor watter vakke jy vir Graad 10-12 moet kies.
- Jy weet nie watter kursus of beroep jy na skool moet volg nie.

### Studente :

- ✦ Jy geniet nie van die vakke in jou kursus nie.
  - ✦ Jy weet nie of jy die regte kursus studeer nie.
  - ✦ Jy druipe van jou toetse en eksamens.
- Jy weet nie of jy moet staak of jou kursus moet voltooi nie.

### Volwassenes :

- ✦ Jy is ongelukkig in jou werk.
  - ✦ Jy weet nie wat anders jy kan doen nie.
  - ✦ Jy weet nie wat jou ware sterkpunte is nie.
- Jy weet nie wat om met die res van jou lewe te doen nie.

'n Breinprofiel sluit 'n gedrukte verslag van 10 bladsye of meer in, plus 'n afspraak van ten minste 30 min met persoonlike terugvoering. Daar is ook 'n goedkoper internet-opsie beskikbaar.

**Kontak Dr Yvonne du Plessis by sel : 084 589 2220 • faks : 086 664 6951 • e-pos : cumlaude1951@gmail.com of Amey Crouse by 082 678 7229 • acrouse@webmail.co.za**

----- § -----

ARCHITECTURAL PLANS

DRAWN UP

CHARLES WILLIAMSON  
(P.Arch.T)  
Cell: 073 171 4211

BOTTLED WATER, FRUIT  
JUICE, SODAS, CHOCOLATES,  
CRISPS, ETC AVAILABLE AT  
THE OWL HOUSE ADMIN OF-  
FICE (NEXT TO OUTSIDERS)  
OPEN EVERY DAY 09:00—17:00  
DURING THE DECEMBER HOLIDAYS.



## CONSERVATION CORNER / BEWARINGSHOEKIE

(Maryke Stern)

The first article in our Conservation corner features the Blue Crane, which is South Africa's national bird. The Blue Crane naturally occurs in the grassland / Karoo ecotone and pairs are commonly seen this time of year in the New Bethesda area as they get ready for breeding season!

Blue crane / Bloukraanvoël (*Anthropoides paradiseus*)

Blue Cranes are often the first to disappear under environmental pressures and act as indicators of health of environments such as grasslands and wetlands. The Blue Crane is currently listed as vulnerable in the Red Data book of South Africa (Barnes 2000) and the 2006 International Union for the Conservation of Nature and Natural Resources (IUCN) Red List.

Hierdie voëls is endemies tot Suid Afrika wat beteken dat hul net hier voorkom met die uitsondering van klein populasies in Namibië en Swaziland.

Blue Crane habitats include "vlei", grassland, Karoo scrub and agricultural lands. Blue Cranes are mostly independent of wetlands and this allows them to be more widespread than the other crane species within South Africa (Allen, 1994).

Blue Cranes only pair with one mate (monogamous), and despite being very social animals are extremely territorial while breeding, driving any other Blue Cranes from the breeding territory. They nest in summer and the laying date can be anytime between August and April. Non-breeding birds form non-breeding flocks during this period. After the chicks have fledged, they together with the adults join the non-breeding flocks to form large over-wintering groups.

Bloukraanvoëls maak hul neste in vleigebiede, oop grasland, Karoo struikveld en landbou-areas waar sigbaarheid gewoonlik baie goed is. (Hockey et.al. 2006). Die voëls keer baie keer na dieselfde areas terug om nes te maak en te broei. Die neste is gewoonlik net 'n plekkie bo-op die grond wat tussen klippe en skaapmis oopgekrap is.

A pair of Blue Cranes is said to mate for life and display a wonderful courtship dance, which comprises of the two individuals jumping up and down with their wings extended (Hockey et.al. 2006)

For more information please contact the Project co-ordinator for the Endangered Wildlife Trust's SA Crane Working group, Bradley Gibbons at [bradley@intecom.co.za](mailto:bradley@intecom.co.za)



### PPC Sement borg kursus vir sementbeedjmakers Tutti Graham

Die beeldmakers wat hulle beeldjies voor die Uilhuis verkoop het 'n tyd gelede 'n groep gestig, die "Cement Sculpture Creators". Peet van Heerden, 'n plaaslike boer en raconteur en Daniel van der Merwe van die "Cement and Concrete Institute" het saamgewerk om 'n kursus te reël vir hierdie mense.

Katriena Lottering en Johannes Slabbert van die "Cement Sculpture Creators" vertel dat hulle baie geïnspireer is deur die kursus.

"Die kursus het my baie idees gegee. In stede daarvan dat jy met jou hande van voor af elke keer 'n beeld moet bou is dit makliker om met 'n 'mould' te werk," sê Katriena. "Jy moet eintlik jou mengsels ken, dis die belangrikste. Ons doen nou soos ons geleer het om die sementbeelde baie sterk en hard te maak."

"Ons het ook geleer om elkeen jou naam onder aan die beelde te skryf sodat mense kan terugkom en vir 'n spesifieke kunstenaar vra. Ons sien uit na die tweede fase om 'n sukses vorentoe te maak," vertel Katriena.

Die persone wat sertifikate verwerf het deur die kursus by te woon is:

Johannes Slabbert  
Andre Malgas  
Winston Pearce  
Andrew Ruiters  
Katrina Lottering  
Huldah van Wyk  
Riëtte le Roux

Gilbre Malgas  
Nelson Tromp  
Dennis Farmer  
Freddy Jacobs  
Edward Nikelo  
Tutti Graham  
Elsie O'Connel

Katrina Lottering is vol lof vir die borge en die aanbieder. "Ons is baie dankbaar vir Peet en Daniel wat die kursus gereel het en ook vir Damien wat vir ons die kursus aangebied het. Ons sê ook dankie aan PPC Sement wat die kursus en materiaal geborg het."

NUUS VAN DIE KAPAAISLANDERTJIES  
Bronwen Langmead

Bethesda children have done us proud – **Grace** is just completing her matric exams and is looking radiant at the prospect of finishing school soon. **Gabriel** has been appointed as a prefect at Union High and **Antoinette** is Union's Deputy Head Girl for 2010 – congratulations to both of you! **Amber** has been seen tearing up the tennis court!

**Emma** and **Kate** both took leading roles in Union High's musical, "The Gap". Both **Kate** and **Jessica** played for Union's first hockey team, which was unbeaten this year. **Kate** went on to represent the Karoo midlands for hockey. **Kye** hit six after six at a recent cricket match while **Christine**, **Renier** and **James** all came near the top of their classes in the third term.

**Gemma** is fast proving that it is possible to read anything and everything, anywhere and everywhere. **Troy** has enjoyed his year at Gill and is fascinated by the writings of Dan Brown.

At Union Prep, Bethesda children shine! **Rebecca**, **Peter** and **Bowen** received 3 gold medals each in the National Challenger Olympiad. **Noah** sang like an angel and played his guitar like Elvis at the recent music evening. Young **Nina** has had a restaurant named after her and **Leighton** works hard there as a waiter on the weekends! **Hannah** is looking forward to going to grade one next year and we wish her all the best at school and at Max Kroon House.

**Brendan** is completing his first year of home schooling. **Tessa** and **Tammy** both speak loudly now.

**Zak**, **Finn** and **Jude** enjoy playschool each Thursday. **Jude**, **Finn** and **Walter** enjoyed the Bat Barn music concert.

**Louwen** can walk, young **Petrus** is the biggest charmer Bethesda's ever seen. Little (very little) **Isabella** turned one recently and her brother **Joshua** is enjoying their new house on the corner where he can often be seen hairing it up on his scooter.

Bethesda kids are brilliant at being children!



**nina's**

@ the post office  
nieu bethesda

eatery / deli / gallery

menu: coffee / milk tart / scones  
toasted sarmies /  
homemade hamburgers & pies  
bobotie / lamb bredie /  
snack platters / schnitzel /  
jams / sweets / cold drinks /  
hand knitted items / gifts  
tea & lunch

monday to saturday

dinner

wednesdays & fridays

(or by appointment)

bookings: 049 841 1636/722 or  
082 865 2699

*Die Westelike bank se Vrou in Wit*  
*Bruce Lakie*

My vriende van Dullstroom het onlangs vir my kom kuier by my huis, Uitkyk..

Hulle het so ses namiddag gearriveer en ons het lekker geklets en tee gedrink. (Let wel, tee en nie wyn nie!) So sewe-uur se kant gaan een van my vriende na die waenhuus toe om iets uit die kar te gaan haal. Meteens hoor ons 'n bloedstollende gil en ons vriend storm so bleek soos 'n laken die huis in.

Na 'n halfuur se mooipraat hoor ons uiteindelik wat gebeur het. Hy het in die kar ingebuk en gekry wat hy wou hê. Toe hy omdraai, staan daar 'n vrou in wit geklee langs hom.

Hy het so geskrik dat hy die kar se deur toeslaan. Met die, verdwyn die vrou. Dis toe dat ons sy vreesbevange gil hoor.

Die volgende oggend by die Village Inn vertel ek vir Neil Sheard die storie. Hy glimlag breed en knik bevestigend. Die vrou in wit is niks nuuts nie, vertel hy. Sy is al baiekeer aan die westelike bank van die rivier gesien, maar vir 'n lang tyd het niemand haar blykbaar gesien nie.

Neil het ook vertel dat die vrou in wit gewoonlik by die ou Blacksmiths huis gesien word.

My arme vriend was opnuut ontsteld, maar ons het hom darem oortuig dat die figuur wat hy gesien het 'n vriendelike energie is.

## TENNIS CLUB NEWS AND EVENTS

David Langmead

The Tennis Club has had a busy year with regular Saturday night braais bringing the community together. We have had delicious meals laid on by the ladies on duty and have had a couple of impromptu musically inclined evenings! This year the community has been treated to concerts by **Valiant Swart** and **Jamie Jupiter**, two art exhibitions, various conferences and the Farmers' Association meetings which have taken place on the premises.

The tennis players have been active this quarter and it is heartening to see the courts full some Saturdays. **Kosie Wolfaardt** won the mens' club championship for 2009 and Nieu-Bethesda won the mixed league this year.

A pleasant, physical morning was spent when the bowlers gathered one Tuesday morning and top-dressed the green. After the rain and nitrogen fixing lightning, it is looking stunning! Lyn and Marthinus donated iceberg roses and they are a sight to behold.

Bowls has had a good year with the team traveling to various dorps for tourmanents.

## A NIGHT VISIT TO MISS HELEN'S OWL HOUSE

Tutti Graham

The Owl House in Nieu Bethesda was opened for night visits to a small group of visitors on two consecutive evenings during the Fugard Festival that took place from 1 to 4 October 2009.

The Owl House features prominently in one of Athol Fugard's plays, "The Road to Mecca", which was performed at the festival. Many visitors had the privilege of seeing the play and then paying a daytime visit to the Owl House as well.

A prominent theme of the Fugard play is light and darkness and Miss Helen's fear of darkness which led to her love of an over-abundance of lamps, candles and mirrors.

Helen Martins loved to display her house at night to her few select friends so that they could admire the reflection of light off the walls and ceilings which are covered in finely ground coloured glass fragments. The reflection of the lamp- and candlelight in the mirrors creates a mystical fairy playground.

The sheer number of lamps and candles in every room leaves the night visitor speechless. For photographers it was a great opportunity to catch on film what very few people have had the privilege of experiencing.



## Oom Boytjie Barendse

Yvonne du Plessis

Boytjie, oftewel Abraham Barendse, is 'n legende hier op Nieu-Bethesda. As hy en sy geliefde "Blue Boy" so stadig in die stofstrate afkom, dan sit hy diep agter die stuurwiel ingevou en staar reguit voor hom in die pad. En sy vrou van 22 jaar, Siena het ewe diep langs hom gesit tot so twee jaar gelede toe sy 'n beroerte-aanval gehad het.

Oom Boytjie is in Julie 1922 gebore en is nou 87 jaar oud. Hy is gebore op die plaas Weltevreden en die eienaars van die plaas was toe Reg en Joyce Sheard, Howard Sheard se oupa en ouma. Boytjie se ouers was Jan en Chrissie Barendse en daar op Weltevreden het Boytjie sy kinderjare deurgebring. Daar het hy ook as jong volwassene, "geleer werk" soos hy dit stel.

Oom Boytjie was een van 8 kinders – 4 meisies en 4 seuns en almal behalwe twee is al oorlede – net hy en broer, Pieter Barendse, daar oorkant op die draai van Pienaarstraat, bly nog oor.

Oom Boytjie het nooit self kinders gehad nie en hy sê, toe hy en Siena trou, toe kyk hy so na haar lang, groot kinders en hy dink: "Ai, ek is kort en klein en hulle gaan my opfoeter!"

Deur die jare het Boytjie allerhande soorte werk gedoen. Na die Weltevreden jare het hy "pos gery" (blykbaar die pos in Nieu Bethesda opgetel en by van die plase gaan aflewer), hy het op die paaie gewerk en die padspan het wyd en suid paaie herstel. Later het hy snags mans opgepas wat oud, siek en eensaam was. Sommer 6 van hulle! Vandaar die toneelstuk wat Athol Fugard geskryf het genaamd "Booitjie and the Oubaas".

Eerstens was daar Arend de Waal. Toe volg Jamie Retief, Stirling Retief se oom, wat in 'n rolstoel vasgekluiser was na 'n ongeluk as kind. Hy onthou hoe Jamie bedags baie geslaap het en dan was hy snags nugter wakker. Dan was hy volgens oom Boytjie "baie stout" en wou hy net radio luister. Daarna was dit Alwyn Burger, vantevore van "The Rest" en later van die huis net langs die tennisbane en regoor vandag se "Nok-Nok" gastehuis.

Hy het ook saam met Roelf Weyers in sy garage gewerk - regoor vandag se Nina's en die poskantoor. Hy het o.a. petrol gepomp. Die pomp was die een met die twee glasbottels wat beurtelings volgepomp is tot bo en dan weer al borrelend afgesak het tot onder. Roelf Weyers was baie doof sê Boytjie en hy kon lippetaal lees. Hy wat Boytjie was moes maar met sy vingers wys - een, twee, drie - hoeveel olie of petrol in die motor ingegooi is.



Athol Fugard en oom Boytjie

Hy het later vir Roelf tot sy dood opgepas in sy huis met die lang stoep, regoor die Ou Kerksaal. Toe pas hy vir Alph Pienaar op, Rendo se pa. Hy was blykbaar die "soetste" van almal en het hom niks gepla nie. Doodstil. En laastens het hy vir Hendrik van Heerden bedags opgepas wat toe in vandag se "Klein Ganora" gewoon het. Boytjie sê Hendrik het sommer 'n "goeie" slaghuis gehad daar op die voorstoep – vandag is die ou sementvloer van die slaghuis bedek met 'n volvloermat en dit is Klein Ganora se studeerkamer!

Deur die jare was verskillende mense baie goed vir hom. Hy vertel hoe Meneer Kenyon vir hom 'n bakkie as persent gegee het. 'n Hele bakkie. En later het ons die stofkleurige bakkie sommer "Vaaljapie" gedoop. Toe hy jonk was, was dit alles "anders", sê Boytjie. Min slegte dinge het met hom gebeur. Mense was lief vir hom en wou graag met hom gesels. Maar vandag is hy oud en sy hande, bene en voete is vol pyne.

Maar hy en Siena is bymekaar en sit dag in en dag uit saam voor die buitegeboutjie. Daar is nog lekker dinge oor - hy hou bv. daarvan om na 7de Laan te kyk en die TV maak hom soms lomerig en dan raak hy voor die TV aan die slaap.

Goeie wense en vele dae vir jou, Oom Boytjie. Dit is goed om jou te ken.



Twee van ons plaaslike 'akteurs', Martin Haines en David Langmead het in Langenhoven se drama "n Kys about 'n Furrow' gespeel saam met Dusty Kenyon.



